Date : February, 07 , 2010 Publication : Rapport Page Number : 17

Taal-baasskap vervreem bruines

Waarom is die stemme van bruin intellektuele so stil in die gestry oor Afrikaans? Hulle ís daar, sê **Lionel Adendorf.** Maar hulle is nie toegelaat tot die stryd, wat gedomineer word deur mense met wie hulle nie saamstem nie.

Die land se geskiedenis herhaal hom in die nuwe stryd om Afrikaans. Soos in die verlede is dit weer die sogenaamde wit stemme wat die botoon voer, asof die bruin mens steeds nie vir homself kan praat of dink nie.

Dié denke het sy oorsprong in 'n geskiedenis van geestelike verknegting, wat neerslag gevind het in die wetgewing onder vorige regerings.

Laat ons op dié spoor terugloop na 60 jaar gelede toe die bevolkingsregistrasiewet in werking getree het. Hierin is bruin mense gedefinieer as enigeen wat nie "blank" of "bantoe" was nie. Die groepsgebiedewet, wat in dieselfde jaar deur die apartheidsregering goedgekeur is, het daartoe aanleiding gegee dat meer as 80 000 bruin families tot en met 1980 teen hul wil uit gebiede soos Distrik Ses gesit is.

In 1970 het bruin mense verteenwoordiging in die Volksraad verloor toe die wit mense wat hulle daar verteenwoordig het, daardie status verloor het.

Dertig jaar gelede is die Verteenwoordigende Kleurlingraad, wat volgens Hendrik Verwoerd " 'n staat binne 'n wit staat" beteken het, tot niet gemaak. Die Schlebusch-verslag, wat radikale veranderinge vir bruin mense aanbeveel het, is goedgekeur, maar uiteindelik geïgnoreer.

Vanjaar "gedenk" ons ook die 25ste herdenking van die eerste sitting van die Driekamer-parlement waarin die Huis van Verteenwoordigers slegs gedeeltelike beheer oor die belange van bruin mense verkry het.

Hierdie geleenthede moet juis vanjaar onthou word omdat dit die verhouding tussen bruin mense en wit mense, wat vir die grootste deel van ons geskiedenis as die wit bewakers oor bruin belange opgetree het, perfek illustreer.

Nie net het die Engelse die bruin stem gebruik om die Afrikaners in toom te hou nie, maar die Afrikaner het die bruin stem en steun gebruik om minimale of geen samewerking tussen die vryheidsbewegings van die dag te bewerkstellig.

Later is bruin mense deur FW de Klerk se Nasionale Party gebruik om wit bevoorregting te beskerm. Dit het dié party reggekry deur sekere voordele vir bruin mense, soos direkte verteenwoordiging en daarmee saam 'n verhoging in hul status, maar ook deur bruin mense se uiteenlopende politieke idees te manipuleer.

Deur die geskiedenis heen het die Afrikaner-regerings alles probeer om bruin mense so na moontlik aan hulle te hou. Sodoende is die bruin- en sogenaamde *African*-solidariteit gekelder. Bruin mense is misbruik deur dié wat belowe het om na hulle om te sien en is in die proses deur hul self-aangestelde bewakers en regeerders in die steek gelaat.

So is dit nou ook in die debat oor Afrikaans.

Die geskiedenis het reeds bewys dat Afrikaners eens neergesien het op Afrikaans en dit 'n "hotnotstaal" genoem of as " 'n verleentheid", "verarmde dialek" en 'n "onbegryplike" kreooltaal beskou het.

Afrikaans se ontwikkeling en bevordering was van die vroegste tye die verantwoordelikheid van die slawe-nasate en oorspronklike inboorlinge van die Kaap.

Maar in 1875 is dit deur Afrikaners onder leiding van ds. Stephanus Jacobus du Toit gekaap toe die Genootskap van Regte



Illustrasie: ANTON VERMEULEN